

5 September

Prediker 9:11-18

Bring die Here in berekening

As ons Prediker 9:11 lees, lyk dit of die Bybel verkeerd is. Ons lees "die wedloop is nie vir die vinniges nie". Ons sou sê dit is juis so. Dit baat nie om 'n stadige persoon aan 'n wedloop te laat deelneem nie. Hy sal net verloor. Prediker sê verder "die oorlog is nie vir die helde nie". Weereens voel ons dat dit juis die helde is wat na die oorlog gestuur word. Dit baat nie om bang mense na die oorlog te stuur nie.

Prediker gaan verder en sê: "brood is nie vir die wyse en rykdom nie vir die slimmes en guns nie vir die verstandiges nie". Ons sou sê dit is juis die wyses en slimmes en verstandiges wat 'n goeie lewe en rykdom kan besit. Dit lyk dus of die Bybel verkeerd is. Ons weet egter die Bybel is nooit verkeerd nie. Die fout lê by die mens, by sy sogenaamde logika. Die mens vergeet soms in sy logika die belangrikste - en dit is God.

Die goeie atleet kan aan die wedloop nie deelneem as God hom nie sien nie, as God hom nie bewaar nie. So maklik kan iets gebeur wat die atleet verhoed om aan die wedloop deel te neem. Dieselfde geld vir die held in die oorlog, die slimme, die wyse, die verstandige. Logika is eers werklik logika as God in berekening gebring word. Sonder God is ons logika onlogika.

Jesus Christus sê dan ook: "Sonder My kan julle niks doen nie. Bly in My soos Ek in julle". Jakobus skryf: "Sê, as die Here wil, sal ons dit of dat doen". D.V. - Deo Volente, as die Here wil.

Ons moet die Here en sy wil elke dag in ons lewe in berekening bring.

Sing: Psalm 131:1, 2, 3

Ds. A.H. Klopper (Kroonstad)